Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 2, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# HERINNERINGE VAN GENL CHRISTIAAN LUDOLPH DEWET DU TOIT. DSO.

# DEEL I

**Genl Du Toit shares the recollections of his military career with the readers of Militaria in an article to be published in four parts. The first part deals with his training prior to World War II and proceeds through South Africa's declaration of war, the East African campaign, the invasion of Cyrenaica and the Battle of Sidi Rezegh.**

## Hoofstuk 1.
## Opleiding voor Wêreldoorlog II

Ek, Christiaan Ludolph Dewet du Toit is gebore op 23 September 1901 op die plaas Tweefontein, geleë in die Blaauwklipvallei, aan die voet van Stellenbosch en Helderberg. Hier aan die hange van Helderberg, op 'n plaasskool, het ek my skoolloopbaan begin. As boerseun was die wye natuur my speelterrein, eie inisiatief my lewenskompas. In die kameraadskap van speel en plaaswerk het ek groot geword. Watter beter suurdeeg is daar om die produk voor te berei vir so 'n veeleisende loopbaan.

Op laerskool het ek daagliks die plank met die opskrif 'You shall not speak Dutch' gedra, want ek het botweg geweier om my moedertaal te vervang met hierdie vreemde taal op die skoolgronde en moes, as gevolg, 'n halwe bladsy Engelse prosa oor die naweek van buite leer om 'n pakslae op 'n Maandagmôre te voorkom. Hierna het ek my akademies bekwaam, eers aan die Seuns Hoërskool op Stellenbosch onder leiding van Paul Roos, my latynse dosent, en later aan die Universiteit van Stellenbosch. Gebrei op die rugbyveld van 1916 tot 1922 deur daardie twee uiters bekwame rugbykenners, Paul Roos, die ou Springbok rugbykaptein en Mark Markotter, was ek gereed om die toeskouers aan te durf.

Suid-Afrika, vandag ekonomies op die gallop, was in daardie dae stagnant, arm en sonder industrieë. Stede het 'n dorpsvoorkoms gehad en die plattelandse bevolking het geswoeg onder die juk van dalende produktepryse. Net goud en edelgesteentes het die wiele aan die rol gehou. Onderwys en die Staatsdiens het moontlikhede gebied; nòg onderwys, nòg administratiewewerk was vir my aanloklik. Ek keer terug na die plaas om sake te herkou en in Junie doen ek aansoek vir 'n aanstelling in Justisie met die oog op verdere studie en 'n wetsloopbaan.

Hierna ontvang ek 'n brief van kaptein Theron uit Verdedigingshoofkwartier, wat my verwittig van 'n 18 maande kursus by die Militêre Kollege vir opleiding as offisier in die Staandemag. Dit was die eerste kursus wat aangebied was vir burgers buite sowel as lede van die Staandemag. Ek besluit om te appliseer. Ek gaan spreek my vader en verwittig hom van my besluit. 'Wel ou seun' was sy antwoord, 'dit is vir jou om te besluit maar onthou net jy gaan nou na die Sodom en Gemorra van Suid-Afrika.' Ongelukkig weerspieël dit die sienswyse van 'n groot gedeelte van die Afrikaanssprekende bevolking van daardie tydperk. Iets vreemds wat nie by die volkslewe inpas nie. Vir my, wat geen vorige kontak met die militêre leefwyse gehad het nie, was die lewe in hierdie militêre dorpie, wat grotendeels deur Afrikaanssprekendes bewoon was, nie veel anders as dié van enige ander burgerlike gemeenskap van dieselfde grootte nie.

Na 'n onderhoud met genl Andries Brink en genl Tanner in die Kasteel in Kaapstad is ek 'n rukkie later meegedeel om my op 4 Augustus 1924 by die Militêre Kollege aan te meld.

In Pretoria aangekom moes die rit voortgesit word per trein. Vervoermiddels soos 'n kar of bus was nog iets vir die verre toekoms. Die kragstasie in Pretoria-Wes was die verste beskawingspunt in die weste. Waar die reuse kompleks van Yskor vandag lê was dikbebos, waar hulle later taktiese oefeninge te perd sou uitvoer.

Die klompie kadette, 17 in getal, was gehuisves in 'n sinkhut op die kollegeterrein. Alle ander

aktiwiteite was gehuisves in die hoofgebou. Die opleiding was intensief en het kandidate bekwaam vir 'n offisiersaanstelling in òf die artilleriebrigade òf die regiment van beredeskutters. Beide was gestasioneer te Roberts Heights. Na voltooiing van die kursus moes ons tot ons ontsteltenis verneem dat daar, weens 'n reorganisasie in die artillerie en die wegdoen met die regiment beredeskutters, vir ons geen vakatures was nie.



**Groepie kadette, Wesfort 1925. Majoor Prins, takties instrukteur, heel regs.**

'n Jaar opleiding in die SA Lugmag as vlieëniers en daarna 'n kortdiensaanstelling vir drie jaar is ons aangebied. 'n Paar kadette het die aanbod aanvaar. Ek het egter 'n aanstelling in justisie aanvaar en was werksaam vir twee jaar in die magistraatskantoor in Pretoria. Hier het ek 'n begin gemaak met my studies vir die LLB graad. Op 1 April 1928 keer ek terug na die Staandemag as 2de luitenant met 'n aanstelling in 1 SA Veldbattery. Die berede artillerie, waarin ons opgelei is, is omskep in veldartillerie. Die brigadehoofkwartier is afgeskaf, twee veldbatterye 1 en 2 is in Roberts Heights gestasioneer, 3 Veldbattery is na die Vrystaat verplaas met een seksie in Tempe, Bloemfontein, en een seksie in Bethlehem. Een van die hoogpunte in hierdie jaar was die vuur van die saluut, in die gronde voor die Uniegebou, om 1100 uur, 31 Mei, tydens die hysing van die Unievlag. Hoewel dit harde werk was, weens 'n gebrek aan studietyd, slaag ek daarin om my LLB graad te verwerf.



**Vuur van saluut met hysing van vlag voor Uniegebou om 11 uur, 31 Mei 1928 deur 1 SA Veldbattery.**

In Augustus 1929 vertrek ek oorsee om vir 'n jaar te dien in die Britse 10 Veldbrigade, 'n eksperimentele brigade, wat besig was om verskillende soorte voertuie uit te toets. Die Britte het besluit om die perd met die voertuig te vervang. Ek is vir tye toegevoeg by verskillende batterye en was die geleentheid gebied om alle toetse by te woon. Afgesien van die meganisering kon ek ook eerstehandse kennis opdoen van die nuwe metode wat ontwerp is om die vuur van die artilleriebrigade te konsentreer. Ek doen ook mee aan verskillende taktiese oefeninge met ander vertakkings van die leër. Na die skietoefeningkamp te Larkhill, waar ek deur die Brigadebevelvoerder gekomplimenteer is vir my hantering van artillerievuur is ek aangesê om 'n 4.5 Howitzer battery uit te toets met die kavallerie om die geskiktheid van die wapen as 'n kavallerie-ondersteuningswapen vas te stel. Die eerste dag se oefening was nie geslaagd nie daar my bewegings gekontroleer is deur 'n majoor. Daardie aand spreek ek my ontevredenheid uit teenoor my brigadebevelvoerder oor hierdie metode en vra vir goedkeuring om die volgende dag self met die kavallerie kontak te hou en eie inisiatief te gebruik. Die oefening, die volgende dag, was geslaagd. Ek kon elke keer steun verskaf wanneer die kavallerie teenstand ondervind het. Daardie aand is ek deur my Brigadebevelvoerder gekomplimenteer vir my optrede daardie dag. 'n Paar weke later is ek deur brigadier Farfan vir 'n batterykommandantskursus aanbeveel. Die oorlogskantoor wou die aanbeveling nie aanvaar nie as gevolg van my juniorrang. Ek was toe nog 'n luitenant. Die kursus is normaalweg gereserveer vir offisiere met majoorsrang.

Terug in Suid-Afrika skryf ek in vir my bevorderingseksamen na kaptein in die gevegsvertakking. Ek slaag daarin om 'n onderskeiding te verwerf, die enigste kandidaat wat dit nog reg gekry het voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Na my bevordering tot kaptein is ek aangestel as bevelvoerder van 2 SA Veldbattery, die laaste beredebattery voor die perd moes plek maak vir die meganisasievoertuig.

In Augustus 1935 bevind ek my weer op pad na Engeland om hierdie keer 'n strafkursus te volg in veld-, kus-, en lugafweerartillerie. Kapt Celliers van die kusartillerie, wat die lewe gelaat het in 'n vliegtuigongeluk net na die uitbreek van die oorlog, vergesel my hierdie keer. Na die voltooiing van die kursus sou ons vir 'n tydlank opleiding op 'n monitor, *HMS Erebus*, ontvang in die vlootopleidingskollege, *HMS Whale Island* in Portsmouth. Die regering het besluit om die monitor, wat bewapen was met twee 15-duim kanonne, aan te koop om ons kusverdediging te versterk.

Die spanning in die wêreld was aan die oplaai. In Oos-Afrika was Mussolini, die Italiaanse diktator, besig om sy koloniale ryk uit te brei. Hitler se opgang in Duitsland was voorbladnuus. Die wêreld was duidelik in beroering. Dié in die weermag wat kennis gedra het van die wapenstand, was bewus van die onvoorbereidheid van veral Engeland. In 1930 was daar nog net sprake van nuwe wapens. Die militêreleiding in Engeland, anders as 'n Charles de Gaulle, in Frankryk, het die tenk gesien as 'n swaar gepantserde monster, wat stadig saam met infanterie sou beweeg om die masjiengeweer, die gedugte wapen van die 1914-1918 botsing, te oorrompel. Hierdie monster was gewapen met 'n masjiengeweer, of 'n 2-pdr vir gebruik teen vyandelike tenks. Onder 1 000 tree was die wapen nogal effektief teen pantser. Die wapen, gemonteer op wiele en gedra op 'n ligte voertuig, bekend as die porté, en beman deur die artillerie, was die grondwapen vir beskerming teen tenks.

Dit is my mening dat as die Britte die 3-duim 20 cwt lugafweerkanon, wat reeds in 1929 op ligtevoertuie gemonteer was en waarvan Brittanje duisende besit het, as tenkafweerwapen met pantser en brisant ammunisie in die begin stadium van die oorlog gebruik het, sou dit op daardie tydstip net so effektief gewees het soos die 88 mm kanon van die Duitsers op 'n latere stadium. Laasgenoemde kanon, in 'n tenkafweerrol, was 'n beslissende wapen in menige geveg in Noord-Afrika. Die gebruik van die 3-duim kanon kon moontlik 'n Duinkerken vermy het want in Noordwes-Europa was die Duitse tenk die beslissende wapen.

Die stafkursus het ons twee Suid-Afrikaners 'n goeie insig gegee van die Britse militêre denke. Op taktiese gebied was die uitsig nog bekramp en ongevoelig vir flankbewegings. Die klem het geval op terugval. Die verblyf op *HMS Whale Island* was net so interessant. Die bewapening teen lugaanvalle op slagskepe was beroerd. Op 'n vraag aan die kaptein van *HMS Whale Island*, hoe hy laagvliegende vliegtuie van sy slagskip sou afweer was sy antwoord, 'I will let them have a salvo from my main armament.' 'n Klompie jare later is twee groot Britse slagskepe deur Japannese vliegtuie gesink.

In 1936 het die produksie van die nuwe 25-pdr, die nuwe veldkanon vir die artillerie, pas 'n aanvang geneem. 'n Meer gedugte lugafweerkanon was op die produksie lyn. Radar, waarmee kennis gemaak is op die kursus, het reeds goeie vordering gemaak. Die veellopige pompom, vir lugafweer op skepe, wat die dubbel Lewisgeweer sou vervang, het nog nie sy verskyning gemaak nie.

Ons twee Suid-Afrikaners, terwyl ons besig was met die opleiding op *HMS Erebus*, het besef dat die aankoop van die monitor 'n fatale fout was en 'n vermorsing van geld sou wees. Die bedoeling was dat die monitor in Kaapstad aan anker sou lê en, indien Durban bedreig sou word, dit daarheen sou vaar en dit teen 8 knope per uur. Ons het gesamentlik 'n brief aan Hoofkwartier in Suid-Afrika opgestel waarin ons ons sienswyse uiteengesit het en aanbeveel dat moderne vestingsartillerie aangeskaf en opgerig word in die Kaapse Skiereiland en op die bluff in Durban.

Terug in Suid-Afrika sou ek verder ontnugter word. Met die aanvra vir ammunisie vir die paar kanonne in Suid-Afrika, waar net voldoende ammunisie vir oefendoeleindes aangehou was, moes ek dit ontgeld omdat kol Hoare uit mnr Pirow, Minister van Verdediging, se kantoor gejaag is toe hy die aanvraag voorlê. Die bedrag benodig was net 'n paar miljoen pond. Daarna het gevolg die boskar episode. Wie se breinkind dit was weet ek nie. Die minister het intens belanggestel in die ontwikkeling daarvan. Ek was destyds Bevelvoerder van die Artillerieskool, en moes die karre, wat vervaardig is in die lugmagdepot, uittoets. Met my ervaring van meganiese voertuie, en waartoe dié instaat is, kon ek net nie begryp waarom ons nou moet terugkeer tot iets uit die oertyd. Die karre is behoorlik getoets ten aanskoue van die minister, vergesel van kol George Brink en mnr Louis Esselen, die party sekretaris. Hulle moes die rukkie te perd seker geniet het. Die karre is op die een toets na die ander omgegooi, wiele gebreek en buite aksie gestel. Kol Brink het uiteindelik aan die minister voorgestel dat konstruksieplanne van die Indiese boskar verkry word. Dit is gedoen.

Die volgende kennismaking met hierdie karre was op 'n taktiese oefening in die omstreke van Leydsdorp. Die Spesiale Diensbataljon sou die karre met plaaslike osse op 'n deel van die oefening uittoets. Die minister het kom kyk. Volgens die oefening het die vyand die pad na Leydsdorp versper. Hulle was in stelling op 'n rant, regs van die pad soos ons daarna kyk. Die bataljon sou deur die bos met die boskarre regs om beweeg om sodoende die spoorlyn by Gravelotte af te sny. Toe Brink, Poole en ek die skema die vorige middag bespreek het was ek gekant teen die flank beweging om die vyand se linkerflank. Ek wou links om dws om die regterflank van die vyand beweeg. Dit is toe besluit dat die Bataljon met die boskarre regs om deur die bos beweeg en dat ek met 'n 3.7 Howitzer portébattery links om deur die bos beweeg. Sodoende kon die beweeglikheid van die twee metodes deur boswêreld teen mekaar opgeweeg word.

Almal het daardie môre gaan kyk hoe Klopper met sy boskarre deur die bos vaar. Die bataljon het vroegmôre in die pad geval. Daardie middag vanaf die staanplek vanwaar die vyand se stellings besigtig kon word, is die skema aan die studente verduidelik. Om 1600 uur het kol Brink aan my gesê om my deel uit te voer. Ek moes eers teruggaan sodat ek dit takties kan uitvoer asof daar 'n werklike vyand was. Met Bierman, later generaal, toe nog 'n luitenant agter die wiel van die voorste voertuig en ek langs hom is die meganiese eenheid deur die bosse gelei. Presies om 1800 uur het die battery sy doelwit bereik. Die boskarre het heeldag geneem om die spoorlyn te bereik. Met my terugkeer na kamp het ek aan kol Brink gaan rapporteer. Dié het mnr Pirow geroep. Laasgenoemde het gestaan en luister maar geen kommentaar gelewer nie.

1938, die jaar van die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument, was 'n besondere jaar in ons volksgeskiedenis. Dit het na die bitterheid en stryd van die vorige jare, gelyk asof daar groter eensgesindheid is en dat hieruit weer iets goeds gebore sal word. Dit het wel gebeur want uit hierdie groot gebeurtenis is 'n kultuur organisasie, die Ossewabrandwagbeweging, gebore. Ek is deur kol Laas gewaarsku dat sake besig was om 'n ander wending te neem. Kort hierna is hierdie beweging omskep in 'n kwasi-militêre-organisasie, wat later onnodige verdeeldheid en bitterheid veroorsaak het.

Tydens die hoeksteenlegging was genl Kemp waarnemende Minister van Verdediging. Die Staandemag het opdrag ontvang om voltyds in uniform te bly. Gepaardgaande hiermee was daar 'n groot saamtrek van kommando's in die Roberts Heights gebied. Oënskynlik om deel te neem aan die verrigtinge, maar ook as voorsorgmaatreël, ingeval iets onbesonne mag gebeur. Dit was nodig as in ag geneem word die

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 2, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

emosiebelaaide atmosfeer onder die skare van oor die honderdduisend. Die weermag het by hierdie geleentheid skouspelagtige vertonings gelewer.

Een môre, op die terrein waar die Yskorhoofkantoorgebou tans staan, was ons besig om 'n koppie tee te geniet. Genl Kemp, genl Van Ryneveld, 80 Kommandement en ek was teenwoordig. Presies wat aanleiding gegee het tot die gesprek, wat hier volg, onthou ek nie meer nie. 'Hoekom verander jy nie die naam van Roberts Heights na Voortrekkerhoogte nie. Dit is mos nou 'n pragtige geleentheid daarvoor.' Was genl Van Ryneveld se voorstel aan genl Kemp. 'n Uitstekende idee,' kom die antwoord ewe blitsvinnig. 'Hoewel daar nie tyd sal wees om my kollegas te raadpleeg nie, wat ek graag sou wou doen, sal ons die yster moet slaan terwyl dit warm is. Ek sal dit agtermiddag doen.'

Daardie middag, tydens die toespraak van genl Kemp by die groot vertoning van die verdedigingsmag in die vallei suid van die monument, is hierdie geskiedkundige plek herdoop van Roberts Heights na Voortrekkerhoogte. Die duisende toeskouers het hierdie verandering van naam met dawerende applous begroet. So hoort dit, soos die Voortrekkers die hinterland in besit geneem het, bewerk en beskaaf het, so rus hulle mantel vandag op die skouers van hulle nasate, wat wagstaan om daardie erfenis te beveilig.

Die versnelde tempo in opleiding, die hernude pogings aangewend om nuwe toerusting te bekom, was aanduidings van die naderende storm. Hitler het die een insident na die ander geskep. Chamberlain, eerste minister van die Verenigde Koninkryk, het sy trots in sy sak gesteek en, in 'n ontmoeting met Hitler, daarin geslaag om 'n moontlike konfrontasie tydelik af te weer. Hiervoor moes hy heelwat smaad en hoon uit eie geledere verduur. Min egter het besef hoeveel die Britte gebaat het by daardie ekstra jaar in hulle voorbereiding. Alleen sterk optrede deur Engeland en Frankryk, gerugsteun deur Amerika, kon Hitler op daardie tydstip gestuit het. Te laat het hulle die assuransie premie, bewapening, wat 'n botsing kon verhoed het, opgestoot, met die gevolg dat die gewone man en vrou die gelag moes betaal.

## Hoofstuk 2
## Suid-Afrika verklaar oorlog

Nie onverwags nie, breek die fatale dag aan. Duitsland val Pole binne. Engeland en Frankryk verklaar oorlog teen Duitsland. Wat gaan ons doen? was die vraag op almal se lippe. Volgens die Statuut van Westminister was ons 'n outonome Staat, onafhanklik in elke opsig. Die beslissing berus dus by ons regering.

Veel is vermag sedert 1924. 'n Eie vlag, 'n onafhanklike Staat, vry om oor ons eie lotgevalle te beslis. Danksy teenkanting uit opposisiegeledere was ons vinnig op pad om 'n industriële staat te word. Yskor, in 1924 nog 'n wildernis, was in produksie. Om die kompleks en elders het sekondêre industrieë snel begin toeneem. Oral was herlewing te bespeur. Daar was so 'n groot aanvraag vir opgeleide jong manne uit die Spesiale Diensbataljon dat die eenheid met moeite die opleiding van sy lede kon voltooi. In ag geneem die groei op industriële gebied was daar op daardie tydstip, na my mening, net een uitweg om ekstra stimulus aan hierdie groei te gee, ons mag nie op die wal bly sit nie. Hoe kon diegene, wat lief was en gestreef het vir vryheid, en reeds soveel bereik het, stil sit en aanskou hoe die een vryheidslamp na die ander uitgedoof word op die vasteland van Europa. Wie gelet het op die manier waarop Hitler die mag in hande gekry het en sy optrede daarna, kon nie tot 'n ander besluit kom nie. Durf ons hierdie vryheid, reeds verkry, toevertrou aan iemand wat dit nie gun aan dié wat hom omring nie. Ons het geweet waar ons met die veroweraar in ons midde staan; die Duitsers, onder 'n Hitler, was 'n onbekende faktor. Ja, selfs toe neutrale Holland oorrompel en vertrap is, hoe kon diegene met Nederlandse bloed in hulle are nog aarsel?

Waar generaal Hertzog miskien fouteer het was deur nie die leisels in eie hande te hou nie. Miskien moes dit maar so gebeur het, sodat dié met Afrikaanse bloed in hul are, andermaal kon sien wat gebeur, as diegene, wat nog nie met altwee voete in Suid-Afrika staan, en wie die Afrikaner niks wil gun nie, die leisels in hande het.

Die Staat het oorlog verklaar en vir dié wat in uniform was, was daar geen keuse nie. Net soos die Staatsamptenaar, wat die regering van die dag getrou moet dien, of bedank, so ook die beroepsoldaat. Hulle vorm die kern waarop die Staat moet bou.

Die metode van mobilisasie het ook baie te wense oorgelaat. Dit sou ons heelwat hoofbrekens voorkom het indien die Generale Staf besluit het op 'n vaste organisasie van 'n bepaalde sterkte, na behoefte, en gesorg het dat

die organisasie op sterkte bly. Aanstellings is ook gemaak na willekeur ongeag of die persoon geskik was vir die pos. Die Generale Staf het 'n komitee benoem waarvan Poole die voorsitter was, waarvan ek ook 'n lid was, wat die taktiese bekwaamheid van senior offisiere vir aanstellings in die veld moes bepaal. Hierdie aanbevelings is eenvoudig links laat lê. Onnodige en voorkombare verliese is gely in die veld as gevolg van hierdie aanstellings.


Artillerie eenhede is gemobiliseer op Potchefstroom, infanterie op Sonderwater en geen poging is aangewend om die twee takties voor te berei vir die taak wat voorlê nie. Hulle het mekaar eers in die operasionele gebied ontmoet. Aanvanklik was daar baie probleme, veral in die artilleriekorps. Hier was daar 'n tekort aan wapens en tegniese instrumente. Mediumkanonne, wat as monumente gedien het, was van hul voetstukke afgehaal en na Potchefstroom gestuur, waar hulle in die plaaslike werkswinkel weer vegbaar gemaak is. Sommige eenhede moes selfs van 'n disselboom en 'n paar wiele gebruik maak om opleiding te gee in basiese kanondril. Daar is heel vroeg 'n aanvang geneem met die vervaardiging van tegniese instrumente en radiostelle. Hoewel nie baie bruikbaar in die veld nie, het dit tog aansienlik gehelp in die opleiding. Daar is later toegespits op die vervaardiging van ammunisie en die bou van pantserkarre, wat grootliks gebruik was vir verkenningswerk in Noord-Afrika. Later is 3.7 Howitzers vervaardig, wat na die ooste uitgevoer is vir die veldtog aldaar.

Gelukkig het ons 'n hele jaar gehad om voor te berei. Die toestand op die oorlogsfront in Europa het staties gebly tot en met die onverwagte inval in Nederland. Hierop het gevolg die blitskrieg deur België en Frankryk. Die Engelse verdediging het verkrummel voor die bitsige aanvalle van die vyandelike pantser, waar genl Rommel, ons latere vyand in Noord-Afrika, 'n groot rol gespeel het. Krygstuig is òf vernietig òf agtergelaat. Personeel is saamgetrek op die sande van Duinkerke, waar duisende suksesvol ingeskeep is in alle soorte vaartuie, 'n heroïese reddingspoging deur die Britte. Die vyand het hier 'n gulde geleentheid om die Britte 'n nekslag toe te dien, deur die vingers laat glip.

Toe Mussolini, die Italiaanse diktator, wat Abessinië in 1935 binnegeval het ten spyte van die wêreldmening in die wêreldorganisasie The League of Nations, wat tot stand gekom het na die Eerste Wêreldoorlog — besef dat die weerstand in Frankryk aan die verkrummel was, het hy ewe heldhaftig die Duitsers te hulp gesnel om te gryp wat daar te grype was. Sy toedoen het sake ook in Afrika in beroering gebring.

Gedurende Augustus 1940 word Somaliland oorrompel deur die Italianers. Die Engelse was bevrees dat die Sudan en Egipte die volgende aan die beurt sou kom. Die Italianers het geen ernstige poging aangewend om Kenia binne te val nie. Selfs in Noord-Afrika was sy aanval oor die Egiptiese grens versigtig, stadig en lomp. 'n Vasbeslote poging in die noorde, sowel as in die suide, kon bes moontlik geslaag het. Die middele om weerstand te bied op daardie tydstip was oral skraal.

Die Italiaanse oorlogsverklaring het ons ook nouer betrek by gebeure in Afrika. Suid-Afrikaanse troepe moes in aller haas gaan wal gooi op die grense van Kenia. 1 SA Brigade, onder bevel van Dan Pienaar, was die voorloper. 4 Veldbrigade van die artillerie, bestaande uit drie 4-kanon batterye het gevolg. Eers op 16 Desember 1940, by El Wak het 1 SA Brigade sy eerste vuurdoop ondergaan. Daarna het gevolg 2 en 5 SA Brigades onder brig Poole en Armstrong asook 3 en 7 Veldbrigades. Spoedig was die hele 1 SA Divisie, onder generaal-majoor George Brink in die veld.




1. Veldtog. — Oos-Afrika

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 2, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

'n Aspek, wat te betreur is, is dat die Suid-Afrikaanse regering toegelaat het dat die Suid-Afrikaanse formasies opgesplit word, en eenhede onder vreemde bevel geplaas word, wat somtyds gelei het tot ernstige verliese aan ons kant. Hierteen het die Nu Seelandse regering eenvoudig hulle voet dwars gesit. In Oos-Afrika terwyl die Suid-Afrikaanse divisie die pad oop gemaak het, na die val van Mega, (sien Skets 1), vir 'n direkte opmars van 'n paar honderd myl na Addis het die Britse Bevel die langpad van oor 'n duisend myl deur Somaliland verkies. Hier is 1 SA Brigade gevoeg by 11 Afrikaanse Divisie, onder Britse bevel, saam met 'n Nigeriese brigade en 'n Oos-Afrikaanse brigade, gesteun deur Suid-Afrikaanse artillerie eenhede. 'n Mens het die indruk gekry dat die kudos vir 'n oorwinning, onder eie bevel, die Suid-Afrikaners nie gegun was nie.

In Somaliland het die Italianers die Jubarivier, 'n gedugte versperring, gebruik as hulle hoof verdedigingslyn. Hier weer het die Suid-Afrikaners bewys van watter stoffasie hulle gemaak is. Dan Pienaar is die moeilikste oorgangsplek aangewys, om die rivier oor te steek, regoor Gobwen, waar die rivier baie breed was. Die Nigeriers is 'n plek by Jelib, 30 myl hoër op in die rivier aangewys. Altwee doelwitte is sterk deur die vyand verdedig. Hulle is gesê om verder noord te probeer. Die Suid-Afrikaners het die eerste daarin geslaag. By Yonte het hulle die rivier met bootjies oorgesteek en 'n aanval van die vyand afgeslaan. Die volgende môre het die vyand 'n beplande aanval geloods met die doel om die Suid-Afrikaners terug te slinger oor die rivier. Die aanvallers is 'n verpletterende neerlaag toegedien. Min van hulle het die aanval oorleef. Toe die Nigeriers die stof uit hulle oë vryf, twee dae later, was Pienaar se brigade regoor hulle, aan die anderkant van die rivier, dws 50 myl verder noord. 'n Paar dae later marsjeer hulle die hawe en hoofstad van Somaliland, Mogadishu, binne.

Hierna was die opmars noordwaarts vinnig. Nie lank daarna steek hulle die vlaktes van Jigjiga oor en kom die Nigeriers te staan voor Mardapas, die toegang tot die hooglande van Abessinië. Hier het ek by die divisie aangesluit en die bevel van die artillerie oorgeneem. Hier was alles in die guns van die verdediging. Net die swak gebruik van hulle kanonne het die Nigeriers, na hulle pragtig ondersteun is deur majoor Simpson, wat 'n teenaanval van die vyand gestuit het deur akkurate skrapnelvuur, die pas verower.

Hoewel die terrein in hierdie veldtog die infanterie begunstig het was die deurslaggewende faktor in elke botsing die kanon. Die vyand het oor veel meer artillerie as ons beskik. Dit wil egter voorkom asof hulle wetenskaplike opleiding sedert Wêreldoorlog I niks vordering gemaak het nie. Op elke plek, waar hulle besluit het om 'n staan te maak, het die grond hom geleen tot die bes moontlike gebruik van hulle artillerie, en tog het hulle swak gebruik daarvan gemaak. Die kanonne was verkeerdelik en selfs in baie gevalle in die ope opgestel. Geen poging was aangewend om grond voor hulle verdedigingstellings te bestryk met vuur, nog minder kon hulle hulle eie teenaanvalle steun nie. Langafstand vuur op 'n aankomende vyand het hulle buite rekening gelaat. Selfs grond, wat uiters van belang was vir die verdediging, en wat uitsig bied oor hulle kanonstellings, het hulle geïgnoreer.

'n Vertragingsaksie in die buise van hulle brisantkartetse het veroorsaak dat die kartets die sagte grond indring voor dit ontplof, met die gevolg dat die meeste splinters deur die grond gesmoor is en die sydelingse effek feitlik nul was. In die geveg voor Harrar was ons battery sigbaar vanaf die vyandelike observasiepos. Een van ons kanonne is getref en etlike skote het tussen ons kanonne geval. Die bemanning van die kanon, wat getref is, is onttrek terwyl die orige drie kanonne aanhou skiet het. Gelukkig was die vyandelike battery ook in sig vanaf majoor Theron se observasiepos en kon hy die vyandelike kanonne stilmaak. Lt Schuster, die kanonposisieoffisier, het hom hier baie knap gedra en is die militêrekruis toegeken.



**Kanonstelling in bek van tonnel in berg Marda Pas. Offisier lê begrawe in tonnel waar hy gesneuwel het. Ammunisie deur tonnel van agter na kanon gedra 22 Maart 1941.**

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 2, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Na Harrar het die vyand weer weerstand gebied by Babetapas, 'n taamlike steil pas wat aflei na Diredawa, op die spoorlyn na Jibuti aan die kus. Die pad was geblaas. Dit het egter nie die Transvaalse Skotte verhinder om die vyand te verdryf en die dorp daardie aand te bereik nie.

van die divisie, met die Suid-Afrikaners voor, daardie middag die stad binnegemarsjeer.

Terwyl ons, tydens ons verblyf in Addis, in die paleis van Heil Selassie gehuisves was, het ek my lugmagvriende op die vliegveld gaan



**Genl du Toit aan die bopunt van Babeta Pas waar 1 SA 13de 48 uur vertraag is deur 'n gedeelte van pad wat weggeblaas was. Tvl krieketspeler Swemmer van 1 T.S. het hier gesneuwel in geveg vir die Pas.**

Met die opmars na Addis het die Divisie vir brigadier Dan Pienaar 'n lelike streep getrek en was hy kwaad! Net voor Miessa, op 3 April, het genl Wetherall by Brigadehoofkwartier opgedaag en opdrag gegee dat die Nigeriese Brigade die voortou moes neem. Die rede: Omdat 1 SA Brigade nie genoeg brandstof gehad het om Addis Abbeba te bereik nie. Net voor ek Divisiehoofkwartier in Harrar verlaat het om by Pienaar se brigade aan te sluit, waar al sy artillerie-eenhede was, het ek 'n woordewisseling gehoor tussen Brigade se voorraadoffisier en sy eweknie op divisiestaf, waar die brigade se petrolvoorraad bespreek is en 'n versoek gerig is vir addisionele petrol. 1 SA Brigade, wat op daardie tydstip gelei het, was geregtig dat aan sy versoek voldoen word. Dit is nie net vandag, dat ons die wind van voor kry, wat dit die Britte betref nie. Ons het dit dikwels uit sommige oorde in die oorlogsjare in Noord-Afrika ondervind.

Na 'n paar skermutselinge is Addis binnegemarsjeer op 16 April. Die generaal was gesteld op 'n formele oorgawe, gevolglik het die troepe

opsoek. Die verpletterde en uitgebrande vliegtuie wat daar rondgelê het, en die beskadigde loodse, was 'n pragtige aanduiding van die rol wat die Suid-Afrikaanse Lugmag in hierdie veldtog gespeel het.

Dit was rustig in Addis want die forte om die stad was beman deur sowat 5 duisend Italiaanse polisie. 'n Besoek aan die wapenstoor was die moeite werd. Dit het wapens bevat wat die Italianers van die Abessiniers buit gemaak het. En wat 'n versameling! Watter oud en pragtige swaarde, baie van goud en uit vervloë dae. Party seker afkomstig uit die tydperk van die kruistogte. 'n Bewys van hoe oud hierdie rasdomme reeds was.

Met die intog in Addis Abbeba was die veldtog ver van oor. 'n Groot persentasie van die Italiaanse mag het noordwaarts en weswaarts teruggeval. Pienaar se brigade het noordwaarts opgeruk. Na 'n besoek, saam met die generaal, aan die weste, waar 'n diep vallei die twee botsende magte geskei het, is ons op 20 April na

die noorde om te sien hoe die Suid-Afrikaners vaar. Die vorige dag het ons 'n berig ontvang van 'n botsing voor Combolcia.

Die pad na die noorde het gekronkel deur pragtige valleie, skilderagtige berge, 'n natuur so skoon as 'n mens se hart na kan verlang. Paaie wat 'n mens se bewondering afgedwing het, as in ag geneem word dat die Italianers net 6 jaar tevore hierdie land oorval het. By een bergpas was daar 'n pragtige tonnel deur die berg. Die Italianers moes net te jammer gewees het om hierdie pragwerk te vernietig, of dalk het hulle nog die hoop gekoester dat hulle dit nog mag nodig kry as sake vir hulle beter verloop in die noorde. Het hulle dit vernietig sou hulle ons weke daar vertraag het. Die gedeelte van die pad wat weggeblaas is het die Suid-Afrikaners gou herstel.

By die toegange tot Combolcia was 1 SA Brigade gewikkel in 'n hewige geveg. Die kanonvuur van die Italianers was hewig en akkuraat. Daar het die Howitzerkanon weer sy nut bewys in hierdie tipe terrein.

Die battery was in stelling in 'n diep kloof. Die vyand kon die flitse van die kanonne sien en het ook hard probeer om dit stil te maak. Hulle skote, wat die voorwang van die kloof gemis het, het oor die battery getrek en agter ontplof. Enige beweging, sigbaar vir die vyand op die hoëgrond voor, en regs van hierdie stelling, het onmiddellik reaksie van die vyand uitgelok. Op een geleentheid het brig Pienaar, 'n oud artilleris, die observasiepos besoek. Òf die son op sy verkyker het weerkaats, òf hy het te veel beweeg, hoe dit ook al sy, 'n vyandelike kartets het net sy been gemis.

Die Suid-Afrikaners se taktiek was om stelselmatig om die vyand se linkerflank te werk, om sodoende besit te kry van die hoë grond vanwaar die vyandelike kanonstellings sigbaar sou wees. Die vyand voor was goed ingegrawe en goed voorsien met outomatiese wapens. Hy was ook gevoelig vir enige beweging op sy linkerflank en het hier ook 'n teenaanval geloods teen die Natal Carbineers. Hierdie aanval het uitgepeuter onder die moordende geweervuur van hierdie plattelandse bataljon. Ongeveer 70 van die vyand het gesneuwel in die aanval. Dit was ook die begin van die einde. Toe ons eers observasie van sy kanonstellings verkry het, het die front verkrummel. Was die vyand instaat om sy teenaanval met artillerievuur te ondersteun, sou dit ons heelwat hoofbrekens besorg het.

Omtrent 70 kanonne is gebuit in hierdie geveg en duisende van die vyand gevange geneem. Ek het die vyandige stellings gaan besigtig na die geveg. Dit was nog die gedugste verdedigingstelsel wat ek teengekom het in Oos-Afrika. Het die Suid-Afrikaners aangeval, soos die vyand verwag het, sou ons hier 'n lelike bloedneus opgedoen het. Al hul wapens was opgestel om 'n aanval parallel met die pad die hoof te bied. Ek sou wat gegee het om te sien hoe die Nigeriese en Oos-Afrikaanse brigades hier sou gevaar het. In 'n gesprek met my het genl Wetherall gesê hy sou parallel met die pad aangeval het. Dit was ook soos ek die Engelse taktiek leer ken het, en dit is presies wat die vyand verwag het. Dessie was die volgende doelwit van die Suid-Afrikaners. Ek het egter hier 'n boodskap ontvang om so gou moontlik by 1 SA Divisie in Noord-Afrika aan te sluit. Net daardie aand het ek in die pad geval. Na 'n afskeid van die Divisie in Addis is ek per kar na Berbera aan die kus van die Rooisee. Hier slaag ek daarin om aan boord 'n skip te gaan wat Italiaanse gevangenes vervoer het na Aden. Daarvandaan is ek per Nederlandse skip na Port Suez.

Op 17 Mei is anker gegooi in Suez hawe. Die volgende môre het ek my aangemeld by Divisiehoofkwartier in Ameriya, etlike myle buite Alexandrië. Hier het die staf hul besig gehou met verkenningstogte in die Delta en omliggende gebied, hulle eerste kennismaking met die Saharawoestyn, waar hulle sou vertoef tot Desember 1942.

## Hoofstuk 3
## Voorbereiding vir die komende operasies

Op 23 Mei 1941 het 1 SA Divisiehoofkwartier verskuiwe na Matruh om verantwoordelikheid te aanvaar vir die verdediging van die Matruhvesting. Artilleriehoofkwartier het aangebly in Ameriya, want al die divisieartillerie was nog in Oos-Afrika. By my aankoms is hierdie veldbrigades omskep in veldregimente, elk met drie 8-kanon batterye, elke battery onderverdeel in twee troepe van 4 kanonne elk, 'n totaal van 24 kanonne per regiment, dws 'n groot totaal van 72 kanonne in die divisie. Die tenkafweer is georganiseer in vier batterye met vier troepe elk. Dus 'n totaal van 64 tenkafweer kanonne in die tenkafweerregiment. Die artillerieregimente is uitgereik met nuwe wapens, 25-pdrs in geval van die veldartillerie, twee-pdrs in die tenkafweer. In laasgenoemde regiment was daar nie voldoende 2-pdrs beskikbaar nie en moes die vierde troep,

in twee batterye, genoeë neem met 18-pdrs, die veldkanon van die Eerste Wêreldoorlog. Net die Suid-Afrikaners moes hiermee tevrede wees.

Vir 4 maande is die personeel besig gehou met opleiding met die nuwe wapens en aanpassing in die nuwe organisasie. Veldopleiding was egter nie moontlik nie, deurdat daar heelwat vertraging was met die uitreiking van nuwe voertuie. 'n Groot persentasie hiervan is eers voorsien na aankoms van hierdie eenhede in Matruh.

Ek moes Matruh dikwels besoek vir konferensies en besprekinge, ook om op hoogte te kom met die verdediging van die vesting. Intussen het die Australiese Artillerie, 1 SA Divisie ondersteun. Op 28 September het ek finaal opdrag gegee aan my laaste twee veldregimente om te verhuis na Matruh waar ek op 1 Oktober verantwoordelikheid vir die artillerieverdediging van die vesting aanvaar het. Op 17 Oktober is die drie veldregimente finaal voorsien met al hulle transport benodigdhede, presies 'n maand en 'n paar dae voor die begin van die November operasies. Regimentbevelvoerders is aangesê om taktiese oefeninge uit te voer met die nuwe uitrusting. Een veldregiment is toegeken aan elk van die drie infanteriebrigades, sodat hulle kan meedoen aan dié se veldoefeninge. Daar was geen geleentheid om die divisie-artillerie as 'n geheel saam te laat oefen nie, nog minder om 'n skietdemonstrasie van gekombineerdevuur te demonstreer. Gevolglik het infanteriebevelvoerders nie 'n praktiese begrip gekry van die volume vuur wat die veldgeskut kon verskaf nie.

Ek het die taktiese oefeninge van 1 en 5 Brigade bygewoon om te sien hoe hulle die artillerie, veld en tenkafweer, gebruik en hoe dié saam met die infanterie beweeg. Hoewel plat was daar heelwat gebroke grond in hierdie verlatenheid en die vraagstuk van gangbaarheid, na gelang van 'n los of meer stewige oppervlakte, moes in ag geneem word. So 'n formasie in die woestyn was soos 'n slagskip ter see met die verkenningskarre in die rol van torpedojaers. Dit kan aangeval word uit enige rigting. Hoewel die kanon, uit verskuilde stellings, konsternasie kon veroorsaak was dit die vyand se pantsereenhede wat gevrees was.

Die SA Infanterie Brigade was lomp as gevolg van die groot hoeveelheid voertuie wat benodig was om die infanterie en sy benodigdhede te vervoer. In Oos-Afrika was dit noodsaaklik om alles saam te karwei want die verbindingslyne het oor 'n duisend myl gestrek. Hier was alleen die kern van die slaankrag nodig, en beweeglikheid van uiters belang. Deur beweeglikheid kan die infanterieformasie met sy sagte vel buite die kloue van die pantser bly. Nog minder was 'n formasie padgebonde. Die terrein was oop, gras en bosloos, en het dus geen skuiling vir die voetsoldaat gebied nie. Alleen deur in te grawe kon hy skuiling kry. 'n Oormaat van infanterie in die mobiele rol was nie nodig nie. As die formasie moet ingrawe om te verdedig kan infanterie van agter aan gekarwei word.

Vir my, na ek die oefening van die brigades dopgehou het, was dit duidelik dat, tensy ons 'n plan ontwerp waar elke afdeling binne die brigadegroep 'n vaste plek binne die groep het, daar konsternasie sou wees as die groep onverwags deur pantser aangeval word. Die enigste wapens, wat weerstand kon bied, was die veldartillerie, die tenkafweer en die lugafweer. Maar dan moes die wapens onmiddellik in aksie gebring kon word, waar hulle hul op daardie oomblik bevind, met die lede, wat moet fungeer, presies op die regte plek. Observasie op al vier flanke was ook 'n noodsaaklikheid.

Maar hoe om dit tuis te bring by die Brigadebevelvoerders was die vraag. Ek het hierdie aspek met kol Furstenburg, die bevelvoerder van die pantserkarregiment bespreek en gevra of ek met my regiment 'n verrassingsaanval op 1 SA Brigade sou maak. Dit sou 'n pantseraanval voorstel, as ek brig Pienaar se goedkeuring kon kry. Furstenburg het ingewillig en ek het die saak met brig Pienaar bespreek. Laasgenoemde was maar te gewillig, want hy wou sien hoe sy Bataljonbevelvoerders sou reageer. Die oefening was beplan vir die volgende more. Soos ek verwag het is die brigadegroep op die verkeerde voet gevang. Die brigadier was woedend. Sy Bataljonbevelvoerders moes dit toe ontgeld. Een het in die slag gebly.

Die saak is toe daardie middag bespreek, 'n vaste patroon neergelê, en al die betrokkenes in die divisie verwittig. Een battery sal met elke bataljon beweeg. Met die bataljon voor beweeg die kanonne met die twee troepe in lyn, die met die flankbataljons agter mekaar sodat hulle onmiddellik stelling kon inneem om die gevaar af te weer. Dit vorm die ou vierkant van die outyd en die kern van die verdediging. Vuur kon na enige flank gekonsentreer word met die mins moontlike verskuiwing. Dit vereis dat observasieoffisiere op die vier flanke moet beweeg. Tenkafweer volg

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 2, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

dieselfde patroon, een troep voor en een troep op elke flank. Die vierde troep dek die agterhoede. Tenkafweer beweeg op die buiteflanke. Lugafweer het die gebruiklike formasie van 'n driehoek per troep, een troep met elke bataljon, gevolg.


Taktiese oefeninge was gelaat in die hande van Brigadebevelvoerders. Volgens my mening was die oefeninge nie voldoende nie. Weens die aard van die terrein, en die feit dat dit deurlopend ongunstig was vir infanterie, behoort stafbesprekings gereël te gewees het om sienswyses in te win en om probleme te bespreek. Met die vertraging in die voorsiening van gepaste woestynvoertuie was die tyd onvoldoende om die opleiding behoorlik af te rond.

**Hoofstuk 4**
**November Operasies, 1941** (Sien Skets 2)

Die plan vir die komende inval in Cyrenaica kon kortliks gestel word as volg: Doelwit: Die isolering van die vyandelike stellings op die grens, gepaardgaande met 'n aanval in die rigting van Tobruck met die doel om die vyandelike pantser te kontak en vernietig, gevolg deur die ontsetting van die beleërde Tobruck garnisoen.

13 Korps, onder genl Godwin Austin, met die Nu-Seelandse Divisie en 4 Indiese Divisie, ondersteun deur tenks, sou die vyandelike stellings op die grens aandurf, terwyl 30 Korps, onder genl Norris met 7 Pantserdivisie onder genl Gott, die vyandelike pantser moes vernietig, waarna 1SA Divisie die beleërde Tobruckgarnisoen sou ontset.

Vir my was dit duidelik dat, as die voorlopige




2. Inval Cyrenaica 18 Nov 1941.

plan suksesvol sou verloop, 1 SA Divisie 'n volskaalse aanval sou moes loods in samewerking met die beleërde garnisoen om 'n deurbraak deur die vyandelike stellings, wat Tobruck omring, te bewerkstellig. Ek het gevoel dat hoewel ek 'n Britse mediumregiment bygekry het, my slaankrag om 'n infanterie aanval te steun nog onvoldoende was. Ek het 'n versoek gerig aan genl Maxwell, Senior Artillerie Offisier in Cairo, en gevra vir 4 Veldregiment, wat 2 SA Brigade op die grens by Halfaya ondersteun het. Genl Maxwell het ingestem mits die twee infanteriebrigades 1 en 5 elk een kompanie infanterie terugstuur. Hiervoor was genl Brink nie te vinde nie. Hy het aan my gesê: 'Jy verwag tog nie dat ek my infanterie vir jou kanonne sal run nie'. Dit was vir my baie duidelik dat die generaal, soos baie Britse aanvoerders hier, nog nie die werklike waarde van die veldkanon in hierdie veldtog besef het nie. Hulle was nog beheb met die 1914-18 idee dat die infanterie alles kan vermag. Die verskil in terrein en die onbeholpenheid van infanterie teenoor die tenk, het nog nie tot hulle deurgedring nie.

Op 4 November 1941, op 'n pragtige sonnige dag, het 1 SA Divisie Matruh verlaat, oënskynlik om te oefen in die gebied van Bir Istabl, 60 myl suid van Matruh, in werklikheid om gereed te wees om Cyrenaica binne te val, sodra die beplande aanval 'n aanvang neem. Op 16 November voer die divisie 'n nagmars uit om ons nader aan die grens te plaas. Die nag was donker. Dit was ook die eerste van sy soort oor onbekende terrein. Die staf het óf swak verken óf was dit 'n gebrek aan ondervinding? Geen poging is aangewend om die pad te laat merk nie. Dit was moeilik om kontak te hou. Voertuie, as gevolg van die lae spoed, het warm geword en uitgesak. Die stof het die rooiliggies onder die voertuie, voor, uitgewis en dit as gevolg, uiters moeilik gemaak vir dié wat agter in die kolon was. Baie petrol en water is daardie nag vermors. Dit kon verhoed gewees het deur 4 gelling petrolblikke, waarvan daar honderde leës was, 'n gat uit te sny, 'n blikkie sand met 'n bietjie petrol daarin as lampie te gebruik, wat kon gedien het as wegwysers. Die volgende dag was die twee brigades nog besig om verdwaalde elemente op te spoor.

Omstreeks middernag, en nog 'n klompie myle van ons eindbestemming, het ek, wat in my voertuig gestaan het, onrustig begin voel. Voor my het die woestyn skielik swart voorgekom. Ek het my drywer beveel om stil te hou. Toe ek uitklim bevind ek my op 'n rand van 'n afgrond 12 tot 15 voet diep. 'n Entjie regs van ons het 'n klompie swaarvoertuie van 'n kolon voor ons op hul sye gelê. Net daar het ek besluit om te vernag. Met dagbreek is die tog voortgesit. 'n Kort rukkie later het ek by Hoofkwartier aangesluit.

Op die môre van 18 November is die Egiptiese grens, sowat 80 myl suid van Sollum, oorgesteek. Die vorige nag is etlike gapings in die grensdraad deur die genie gesny. 1 SA Brigade het gelei gevolg deur Taktiese Hoofkwartier van Divisie, daarna 5 SA Brigade gevolg deur Divisietroepe. Laasgenoemde was 'n kolon groter as die van 'n brigade. Etlike dae te vore het ek opdrag gekry om hierdie massa voertuie af te rig om in woestyn formasie te beweeg, afstand en rigting te hou, en om van rigting te verander.

1 SA Brigade het noordwaarts beweeg in die rigting van El Gubi. Daardie middag het hierdie brigade sy eerste stuk aanval beleef. 'n Dergelike aanval is die volgende dag weer op hierdie brigade gemaak.

Ons het ook op daardie tweede dag 'n berig ontvang dat 22 Pantserbrigade, van genl Gott se divisie, 45 vyandelike tenks vernietig het. Die volle storie sou ons eers later verneem. Vir die volgende paar dae het ons 'n hele paar dergelike berigte ontvang. Met al die vyandelike verliese bymekaar getel wou dit voorkom asof die vyand se pantser 'n lelike knou toegedien is. Wat 'n ontnugtering het daar nie vir ons gewag nie. Miskien ook die oorsaak waarom so veel taktiese mistastings gemaak is.



**Draad op grens tussen Egipte en Libië oorgesteek deur Suid-Afrikaners op die oggend van 18 Nov 1941.**

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 2, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Op 20 November het Pienaar se brigade onder skoot gekom vanaf El Gubi en moes hulle ingrawe. Daar was sprake van 'n aanval daardie middag. Geen aanval is egter geloods nie. Die generaal het my nie ingelig nie. Dit wou voorkom dat die generaal vasbeslote was om sy divisie in brigadepakkies te veg. Pienaar het net oor die vuurkrag van 7 Veldregiment beskik. Die terrein was plat en oop en heeltemal ongunstig vir 'n infanterie-aanval in daglig en dit teen 'n vyand wat al etlike dae besig was om in te grawe en, afgesien van sy kanonne en tenkafweer, kon steun op die vuurkrag van sy tenks in die divisie. Die medium geskut, sowel as 3 Veldregiment met 5 SA Brigade, was nodig om steun te verleen. Boonop was dit my taak om die vuur van die artillerie te koördineer. Die vorige dag het 22 Pantserbrigade hier 'n lelike bloedneus opgedoen toe die brigade, op sy eie en sonder artilleriesteun, op egte kavallerie wyse, 'n aanval teen El Gubi uitgevoer het. 40 Tenks het in die slag gebly. 'n Groot gedeelte van die brigade se slaankrag het hier verloor gebly. Ons is vertel dat 45 vyandelike tenks vernietig is. Hoe is hierdie syfers verkry as hulle die aftog geblaas het?

Op hierdie dag, 20 November, is 5 SA Brigade gewaarsku om gereed te wees om noord te beweeg om te gaan help in die Sidi-Rezegh gebied. Ek het ongelukkig gevoel oor hierdie order. Was die brigade vaartbelyn kon dit redelik weerstand gebied het met sy 24 veldkanonne en 16 tenkafweerkanonne. Lomp soos dit saamgestel was, en geïsoleerd, het dit geen kans gestaan teen 'n pantseraanval nie. Boonop het die brigade sy voorsieningsechelons saamgesleep. Hierdie honderde addisionele voertuie het die verdediging daarvan 'n onbegonne taak gemaak. Ek het die generaal gaan spreek en hom die vraag gestel, of dit nie baie gewaagd was, in ag geneem die huidige pantsersituasie, om die brigade, op sy eie, noordwaarts te laat gaan nie. Die generaal het saamgestem dat dit wel gewaagd is. Ek het hom meegedeel dat ek die mediumregiment gaan terughou en die tenkafweerbattery, by divisietroepe, by Taktiese hoofkwartier gaan laat aansluit. Hiermee het hy akkoord gegaan.

5 SA Brigade se opdrag is op 1600 uur bekragtig. Die brigade het laat daardie middag 10 myl



**Genl du Toit met Majoor Bierman (sy bde majoor) tydens Nov operasies 1941.**

gevorder, selfs 'n lugaanval verduur. Verskeie lugaanvalle is deur die vyand uitgevoer. Die mediumgeskut het ook 'n paar voertuie verloor. Ons eie lugmag het nog nie hul verskyning op die slagveld gemaak nie. Maar kom ons blaai om en kyk na die ander helfte van die prent.

Genl Gott met sy Pantserdivisie, wat bestaan het uit 22, 4 en 7 Pantserbrigades, plus sy ondersteuningsgroep, het noord-oos van ons opgeruk om sy deel van die operasie te volvoer nl om die vyandelike pantser te verslaan, sodat 1 SA Divisie sy taak kon uitvoer. Op 18 November het die vyand nie reageer nie en genl Gott is aangesê om hom te vestig in die Sidi-Rezegh gebied, waar die vyand noodgedwonge verplig sou wees om hom aan te val. Hier het Gott sy eerste taktiese flater begaan. Hy moes tog geweet het dat, as hy hom gaan plaas op grond, wat vir die vyand lewensbelangrik is, die vyand gaan terugslaan met alle middele tot sy beskikking. Hy moes voorsorg getref het dat sy divisie gekonsentreerd bly en op grond van sy eie keuse, waar hy gebruik kon maak van al sy wapens, insluitende sy ondersteuningsgroep. Die Pantserdivisie het beskik oor altesaam 498 tenks, 68 veldkanonne en 68 tenkafweer kanonne (2-pdrs).

Kyk wat doen hy. Hy gee 22 Pantserbrigade opdrag om El Gubi aan te val. 4 Pantserbrigade opdrag om die Gabr Saleh gebied, sowat 30 myl oos van El Gubi te dek. Met 'n dekking van pantserkarre voor peil hy met sy hoofkwartier en 7 Pantserbrigade op Sidi-Rezegh af, verras die Italiaanse lugmag op die vliegveld en oorrompel dit. Die vliegveld was geleë tussen twee rante, noord en suid daarvan, wat oos-wes loop en wat uitsig gee op die vliegveld. Sy ondersteuningsgroep is aangesê om te volg. Asof die vliegveld van groot taktiese waarde was plaas hy sy pantser in hierdie kwesbare posisie.

Ek het reeds vermeld van 22 Pantserbrigade se noodlottige aanval teen El Gubi. Het Gott sy Pantserdivisie gekonsentreerd gehou, 7 Pantserbrigade as noordelike flankdekking, en, met die kragtige steun van al sy artillerie, 22 Pantserbrigade gebruik het om El Gubi te oorrompel, dit oorgelaat het in die hande van 1 SA Divisie, toe noordwaarts opgeruk het met sy gekonsentreerde divisie en hom op grond geplaas, wat hy kon verdedig, sou hy moontlik die taak, wat hom opgedra was, kon verrig.

4 Pantserbrigade, in die Gabr Saleh gebied, het op die môre van die 20ste hom tromp-op vasgeloop teen 'n vyandelike taakmag wat suid-oos opgeruk het. Hoewel Suid-Afrikaanse pantserkarre die aantog en teenwoordigheid van hierdie taakmag gerapporteer het, het hierdie pantserbrigade die berig nie ontvang nie. (Die Britse magte was baie laks in hierdie opsig. 'n Paar maande later het ons 17 uit 24 kanonne van 7 Veldregiment verloor toe 1 Pantserdivisie van die Britte, met hulle broek op hulle enkels, gevang is deur generaal Rommel se vinnige opmars uit Agheila in wes-Cyrenaica en dit nadat ek baie teensinnig ingestem het tot die gebruik van 7 Veldregiment deur hulle. Selfs hieruit het die Britte nog nie 'n les geleer nie. Met genl Rommel se aanval teen Gazala in Mei 1942, het presies dieselfde ding gebeur. Na Suid-Afrikaanse pantserkarre feitlik saam met die vyand beweeg het en aanhoudend hulle posisie rapporteer het is genl Messervy, Divisiepantserbevelvoerder, deur die vyand gevang waar hy besig was om sy brekvis te geniet.) 4 Pantserbrigade het die slegste daarvan afgekom, 23 van hulle tenks is vernietig en net twee van die vyand het in die slag gebly. 4 Pantserbrigade het versoek dat 22 Pantserbrigade moet kom help. Dié het eers daardie aand opgedaag. Hulle was noord van El Gubi en moes 30 myl aflê om daar te kom.

Daardie aand ontvang ons 'n berig dat 7 Pantserbrigade die hoëgrond van Pt 175 tot by Sidi-Rezegh die volgende môre in besit sal neem. 4 Pantserbrigade bly in die Gabr Saleh gebied. Een SA Brigade moet gereed wees om 7 Pantserbrigade te steun in die Sidi-Rezegh gebied terwyl een SA Brigade El Gubi moet maskeer. Weer, soos in Oos-Afrika, word die SA Divisie verbrokkel deur een van sy brigades onder 'n vreemde bevel te plaas. Weer is dit Gott, soos hy later met minder sukses, probeer het om die Suid-Afrikaanse brigades, na die terugtog uit Gazala, onder Britse bevel te plaas. In my opinie was hy, soos later sal blyk, een van die swak skakels in die Britse Bevel in 8 Leër. Ons is belowe dat infanterie nie gebruik sal word alvorens die vyandelike pantser verslaan is nie. So ver was dit die Britse pantser wat, in elke botsing, die slegste daarvan afgekom het.

Genl Gott het tot dusver sy geweldige artilleriesteun laat links lê. Dit wil al lyk of hy nog nie die waarde van samewerking tussen artillerie en pantser geëvalueer het nie, of kon besef nie. Hierin het die vyand uitgemunt.

Afgesien van die taktiese flater om nie eers met El Gubi af te reken nie, wat die Ariete buite geveg

sou gestel het, begaan hy die tweede flater om sy pantserbrigade te plaas in 'n geïsoleerde stelling en boonop op grond wat gedomineer word deur die hoëgrond noord en suid daarvan. Hier is 7 Pantserbrigade lelik deur die vyand toegetakel. Toe hy besef dat die posisie vir sy pantserbrigade onhoudbaar word, verseg hy om dit op te gee, en gee sy ondersteuningsgroep opdrag om, met hul ongepantserde wapens, die pantserbrigade af te los. Die netelige posisie waarin hy hom bevind het nog nie tot Gott deurgedring nie. Hy het waarlikwaar die hoop gekoester dat hy met die mag tot sy beskikking 'n aanknoping met die Tobruckgarnisoen kon bewerkstellig. Tobruckgarnisoen word aangesê om die volgende dag uit te breek na El Duda. Die Riflebrigade, met sy ondersteuningsgroep, word aangesê om, met die steun van 7 Pantserbrigade, vanaf Sidi-Rezegh aan te val met doelwit El Duda. Heel anders as wat aanvanklik beplan is deur 8 Leër. (Sien Skets 3.)

1 Sa Brigade, wat besig was om reëlings te tref met 22 Pantserbrigade om El Gubi aan te val, het die plan laat vaar toe 22 Pantserbrigade vertrek om 4 Pantserbrigade te gaan help. Op die môre van 21 November omstreeks 0930 uur, het genl Gott brig Armstrong ontmoet en hom meegedeel dat die situasie in die noorde baie onseker was. Die Brigade is aangesê om te halt.

Die vyand, wat intussen 'n beter begrip gekry het van die situasie, waarin hy hom bevind het, het besluit om sy gekombineerde mag te gebruik om eers die vyand in die Sidi-Rezegh gebied te verdelg. 15 en 21 Pantserdivisies, wat suid-oos opgeruk het en nou gekonfronteer is deur 4 en 22 Pantserbrigades van die Britte, kry opdrag om die vyand in die Sidi-Rezegh gebied aan te val. Ook maar 'n goeie ding anders sou 4 en 22 Pantserbrigades in die slag gebly het, want hulle was nie opgewasse teen hierdie twee Duitse divisies nie. Dit sou die weg oop gestel het vir die vyand om die oorblyfsels van 7 Pantserdivisie te vernietig, en daarna sou die Suid-Afrikaners aan die beurt gekom het.


Die aanval op die môre van die 21ste van die Riflebrigade, ondersteun deur die ondersteuningsgroep en 7 Pantserbrigade, met doelwit El Duda, om kontak met die sortee van die Tobruckgarnisoen te maak, het misluk en nou was dit hulle beurt om die hamerhoue van die vyand te weerstaan. Die geveg was hewig en bloedig. Terwyl die infanterie nog kon skuil in hulle slaggate moes die veldgeskut en tenkafweer die spit afbyt.

Die volgende môre, .22 November, was daar ietwat van 'n stilte. 5 SA Brigade het opdrag ontvang om verder noord te beweeg en om 'n aanval te loods teen Pt 178, (Sien Skets 4). 'n rant sowat 3 myl suid van Sidi-Rezegh. Brig Armstrong het die taak aan lt kol Kirby, Bevelvoerder van 3 Transvaal Skotte opgedra. 8 Veldbattery, onder bevel van majoor Berry, en een troep tenkafweer is aangesê om hom te steun. Die terrein suid van die rant was oop en plat en het geen skuiling vir infanterie gebied nie, nog minder observasie vir die artillerie, 'n hopelose proposisie vir 'n dagaanval. Pantserkarre, wat 'n verkenning uitgevoer het in die rigting van die hoëgrond verder links, het hewige vuur verduur en moes terugval. Armstrong is hiervan verwittig. Hy het net gesê hulle moet dit aan Kirby vertel en geen verdere stappe geneem nie. Hiervan kon afgelei word dat die platorand die vyand goeie skuiling bied en dat verdere weerstand verwag kan word. Na 'n studie van die kaart en die terrein, noord van hom, was daar 'n paar faktore wat hy moes oorweeg het. 'n Aanval oor oop grond met infanterie teen 'n vyand wat behoorlike skuiling geniet, moet op 'n mislukking uitloop tensy die masjiengeweer, die dodelike wapen van Wêreldoorlog I, en vandag meer so, geneutraliseer kon word. Selfs die vuurkrag van al 24 kanonne sal nie veel kan vermag nie, tensy observasie vanuit die lug of vanuit 'n tenk moontlik was. Vanaf die plat terrein was die onmoontlik. Hy moes 'n verkenning na die regterflank gelas het om te sien of 'n aanval van oos na wes nie 'n groter moontlikheid bied nie. So 'n aanval, gesteun deur vuur gekonsentreerd deur die hele regiment vanaf die suide, en gekontroleer deur 'n offisier, wat saam met die infanterie beweeg, sou beter resultate gelewer het. Die ander moontlikheid wat hy moes oorweeg het, was 'n tenk-infanterie aanval met die steun van die hele veldregiment. Hy het onder genl Gott se bevel gesorteer en het die reg gehad om so 'n versoek te rig.

Soos verwag kon word onder die omstandighede het die aanval op 'n mislukking uitgeloop. Die verlies aan lewens was groot. Lt kol Kirby, 'n dapper bevelvoerder, het ook gesneuwel in die aanval. Die batterybevel het hulle bes gedoen; weens 'n gebrek aan observasie was dit onmoontlik om akkurate vuur op die vyand te plaas. In plaas van om die infanterie terug te bring na hulle oorspronklike stellings is hulle gelas om 500 tree voor die ou posisie in te grawe. 'n Stap wat hulle die volgende dag groter hoofbrekens sou besorg. Brig Armstrong moes die blaam dra vir hierdie mislukking en die

verliese gely. Hy moes groter taktiese vernuf aan die dag gelê het.





**3. Sidi Rezegh 21 Nov 1941.**

**4. Sidi Rezegh 22 Nov 1941.**

Hoewel 7 Pantserdivisie nou meer gekonsentreerd was as gevolg van die teenwoordigheid van 4 en 22 Pantserbrigades (sien Skets 4) en sake die môre stiller was, is niks gedoen om te deployeer op grond wat gunstiger was om te verdedig, en waar beter gebruik van die ondersteuningswapens gemaak kon word nie. Daardie middag, terwyl 3 TS misluk het om Pt 178 te bereik, is die aanval van die vyandelike pantser, ondersteun deur artillerie, infanterie en tenkafweer teen 7 Pantserdivisie hernu.

Die ondersteuningsgroep, 7 Pantserbrigade en 22 Pantserbrigade moes die spit afbyt. Alleen as gevolg van die verbete weerstand van die veldgeskut suid van die vliegveld, kon hul daarin slaag om 'n oorrompeling tydelik af te weer. Die posisie was egter onhoudbaar. Gott besluit om die vliegveld prys te gee. In sy opdrag om te ontruim beveel hy die veldgeskut om stelling in te neem oos van 5 SA Brigade, en 4 en 22 Pantserbrigades om die oos en wes flank van 5 SA Brigade te beskerm. 4 Pantserbrigade het nog oor 100 tenks beskik, 22 Pantserbrigade oor 34 en 7 Pantserbrigade oor 15 tenks. Ongelukkig vir hierdie reëlings, terwyl die oorblyfsels van 7 Pantserdivisie nog besig was om terug te val, is die Hoofkwartier van 4 Pantserbrigade en 8 Hussars, waar hulle laer getrek het, in die donker deur 15 Pantserdivisie van die vyand oorrompel. 34 Tenks is deur die vyand gebuit sonder dat 'n skoot geskiet is.

Die terugtog van 7 Pantserdivisie uit daardie kom, waar hulle feitlik omsingel was, was nie maklik nie. Ongevalle was hoog en tog slaag hierdie artilleriste, getrou aan hulle tradisie, daarin om troepsgewyse, of wat oor was, te onttrek onder die ondersteuningsvuur van hulle kamerade. Teen skemeraand was daar nog twee troepe oor en dit het gelyk asof hulle oorrompel sou word want die vyandelike infanterie was feitlik op hulle. Onverwags word hulle uit hierdie penarie gered deur die stormloop van 'n groepie tenks wat met vuurspuwende kanonne en masjiengewere die vyand se aanval tydelik ontwrig, en die artillerie die geleentheid gee om weg te sluip.




**5. 23 Nov 1941: Noodlottige dag vir Suid-Afrika.**

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 2, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Die môre van 23 November het ek genl Brink vergesel. Ons was op pad om 'n afspraak met genl Gott na te kom. 1 SA Brigade is die vorige middag aangesê om by 5 SA Brigade aan te sluit. Korps het egter beveel dat een bataljon, met een veldbattery en een troep tenkafweer, agter gelaat word om El Gubi te maskeer. Brig Pienaar het die Natal Carbineers aangesê vir die taak. Hierdie opdrag het my ontstel. Dit was reeds moeilik om beskerming teen 'n tenkaanval te verleen en hier word 'n verminkte brigade, met een flank onverdedig, ingestuur in 'n gebied waar verwoestende tenkgevegte aan die gang was, terwyl een bataljon infanterie met 'n veldbattery en 4 2-pdrs moes verhoed dat 'n Pantserdivisie, Die Ariete, hier goedsmoed in ons linkerflank inseil. Ek het twee troepe tenkafweer van die battery, wat ek nog oor beskik het, na die Natalse Carbineers gestuur en een behou vir die beskerming van Divisiehoofkwartier. 1 SA Brigade het reeds daardie middag in die pad geval, maar, as gevolg van die onsekere toestand noord van ons, my eenhede opdrag gegee om te bivakeer sodra dit donker is. Hierdie opdrag het ongelukkig nie my veldambulans en veldgeniekompanie bereik nie.

Ons het nie ver gery nie toe ons 'n hewige rumoer oos van ons hoor. Ons het oos geswaai na 'n bultjie, regs van ons, om te sien wat gaande was. Ons het pas stilgehou toe 'n mediese offisier van 10 Veldambulans van 1 SA Brigade daar aankom. Hy verwittig ons dat 'n vyandelike tenkmag, wat vir ons duidelik sigbaar was van waar ons staan, pas 10 Veldambulans oorrompel het. Die generaal besluit toe om eers Pienaar te gaan waarsku en om hom opdrag te gee om eers stelling in te neem. Daarna het ons ons tog voortgesit. By 'n lae rant, wat oos-wes loop, het ons stil gehou en uitgeklim om die drie pantserkarre, wat ons vergesel, kans te gee om vorentoe te verken. Eensklaps tref 'n kartets die grond langs ons, vermoedelik gemik na die pantserkar voor. Die generaal wou nog 'n vraag vra toe ek skree 'spring'. Dit was duidelik dat die hoë grond voor deur die vyand beset was en dat ons nie nou ons bestemming kon bereik nie. Ons is terug om eers 'n prent te probeer kry van wat gaande was. Die verskyning van vyandelike pantser hier oos en noord van ons het ons nie verwag nie.

## Hoofstuk 5.

**23 November 1941. 'n Noodlottige dag vir Suid-Afrika** (Sien Skets 5)

Die vyand, na sy sukses die vorige middag teen 7 Pantserdivisie, het nie op hom laat wag nie. Daardie volgende môre vroeg het hy met 'n taakmag, wat een pantserdivisie ingesluit het, suidwaarts opgeruk, oënskynlik om, soos hy gemeen het, 1 SA Divisie uit te wis. In hulle tog suid het hulle oorblyfsels van 7 Pantserdivisie, oos van 5 SA Brigade, teengekom. Die pantserregiment voor het suidwes geswenk en hierdie konglomeraat van gevegs en ander voertuie aangeval. Daar was 'n geskarrel na die suide en weste. Dit het as gevolg gehad dat van hierdie tenks ook in B Echelon van 5 Brigade beland het. Baie van B Echelon se voertuie het ook pad gegee. Die ammunisie kolon van 7 Veldbattery het suid gevlug. Toe hulle later 5 SA Brigade kontak met radio is aan hulle gesê 'wag vir verdere instruksies' en is toe vergeet. Daardie middag toe kapt Millar van 7 Veldbattery gaan soek het vir sy ammunisie kon hy dit nie opspoor in B Echelon nie.

Omstreeks 0930 uur terwyl die vyandelike taakmag, wat suid van 5 SA Brigade was, weswaarts beweeg het met die doel om eers kontak te maak met Ariete en dan die Suid-Afrikaners van die suid-weste aan te val, het 'n gedeelte van hierdie tenks weer B Echelon aangeval. In hierdie botsing is twee 18-pdrs van L Troep, wat in 'n tenkafweer rol gebruik is, buite aksie gestel. Volgens verklarings is 'n klompie Suid-Afrikaners ook gevange geneem.

Besonderhede, wat ons daardie môre ontvang het, was baie vaag. Het die vyand besluit om op daardie oomblik 'n aanval teen die brigade van stapel te stuur kon hulle 'n maklike oorwinning behaal het. Tenks het daarin geslaag om dwarsdeur die massa voertuie te beweeg. Twee het selfs deur brigadehoofkwartier beweeg. 'n Mens is verstom dat die brigade so swak reageer het daardie môre. Dit was asof hulle bedwelmd was as gevolg van die mislukte infanterieaanval die vorige middag op 'n twee-kompaniefront en die groot verliese wat gely is. Die waaksaamheid wat verwag word van 'n formasie in so 'n geïsoleerde stelling was totaal afwesig. Selfs die observasie van die artillerie offisiere, wat op die uitkyk moes wees op elke flank was totaal afwesig. Waar was die karre van die verkenningskompanie? Daar was geen reaksie van die artillerie teen die vyandelike tenks wat hulle van die ooste, en later van die suide aangeval het nie. Was hulle dan totaal in onkunde van wat noord van hulle daardie vorige middag en aand gebeur het. Dit is ongelooflik om te glo dat genl Gott, onder wie se bevel hulle geresorteer het, hulle nie verwittig het van die ware toestand nie

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 2, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

'n Groot mate van blaam berus by die brigadier wat alles wou saam sleep, asof daar nie so iets soos radioverbinding was om kolonne te beheer nie, en dus die vegtende gedeelte van die brigade verswelg het onder hierdie massa voertuie, wat nie alleen lomp nie maar onverdedigbaar was, soos die môre se gebeurtenisse bewys het. Hier het hy gruwelik gefaal. Hy skyn onbewus te gewees het van die beroering in sy B Echelon daardie môre wat deur die Duitse tenks veroorsaak is. Baie van sy voertuie is verjaag. In sy rapport maak hy net melding van die aanwesigheid van vyandelike tenks in sy B Echelon en dat die aanval afgeweer is, wat ver van die waarheid was. Selfs om 1330 was die Brigade nog nie bewus van die werklike toedrag van sake nie. In hierdie berig wou hulle vasstel waar 1 SA Brigade was. Moontlik het die generaal se berig aan Armstrong om 1100 uur wat gesê het 'ons kom', 'n verkeerde indruk geskep, en by hulle die verwagting gelaat dat 1 SA Brigade in aantog is en tot hulle hulp kom. Asof meer infanterie van veel meer waarde sou wees.

Daardie middag, omstreeks 1500 uur, het die vyand vanaf die suidweste 5 SA Brigade aangeval. Die vyandelike mag het bestaan uit ongeveer 150 tenks, vergesel van infanterie in voertuie, en onder die steun van sy eie artillerie. Volgens gegewens verstrek was daar koördinasie tussen die artillerievuur vanaf die suide en die van die noorde. Skerp druk van die vyand uit die noorde het ook veroorsaak dat die brigade 'n gedeelte van sy artillerie slaankrag moes wy aan hierdie dreigement terwyl die taakmag vanaf die suide op hom afstorm. So het dit gekom dat 8 Veldbattery sy steun moes verleen aan die noorde, en tog nie kon verhinder dat die vyandelike infanterie daardie aand sy kanonposisies bereik nie. Aanvanklik kon die tenks nie uitgeken word in die aankomende massa voertuie nie. Die mirage het ook uitkenning bemoeilik. Lt Ogilvie, 9 Veldbattery, sê die vyand het aangeval in drie kolonne, 10 voertuie wyd en 5 diep. Onder kanonvuur het hulle versprei en toe eers kon hy die tenks identifiseer.

Die een gedeelte van die vyandelike mag het die Ierse sektor vanaf die suide genader, 'n tweede kolon het op die westelike flank van B Echelon afgepeil en die derde op die suidelike flank van B Echelon, vermoedelik om te verhoed dat hierdie voertuie padgee suidwaarts.

Daar was geen gekoördineerde plan hoe om die verwagte aanval vanaf die suide af te weer nie. Dat dit wel verwag was is duidelik uit die verklarings van dié wat ontsnap het. Selfs die brigadier het nie geweet hoe om sy kanonne op die mees effektiewe manier te gebruik nie. Aanvanklik was die kanonne van 7 en 9 Veldbatterye goed geplaas en ingegrawe vir die taak om gekonsentreerde vuur te lewer op die aanvallende vyand, totdat hulle die buitelyne van die verdediging bereik het. Dit kon moontlik die infanterie en tenks geskei het. 7 Veldbattery moes egter tweemaal, op bevel van die brigadier, van posisie verander, en is eindelik op bevel van die regimentsbevelvoerder, lt kol Whyte, geplaas in 'n tenkafweer rol in die suide van B Echelon. Die troep van 9 Veldbattery is ook in 'n tenkafweerrol in die suide van die Ierse sektor geplaas. Die kanonne van 7 Veldbattery en drie van hierdie troep het in die slag gebly.

Die tenkafweer, vier 2-pdrs per troep, gemonteer op ligte voertuie, genoem porte's, is van bakboord na stuurboord gestuur en het later grotendeels op eie inisiatief van hulle bevelvoerders, feitlik 'n halfmaan gevorm vanaf die suidelike flank van die Ierse sektor tot by die suidelike flank van B Echelon. Hierdie 12 veldkanonne en 11 2-pdrs plus 2 18-pdrs en 10 Bofors lugafweerkanonne bygestaan deur 8 Britse 2-pdrs in die voorlyn, en 4 veldkanonne van 9 Veldbattery en 'n troep Britse veldkanonne in 'n indirekte rol, moes hierdie muur van staal bestaande uit 150 tenks, wat op hulle aangerol kom, stuit. Die indirekte vuur van die 8 kanonne was nie voldoende om die infanterie van die tenks te skei nie, met gevolg, dat hulle nagenoeg kon debus om aansienlike skade aan die kanonverdediging te verrig.

Die weerstand in plekke was verbete. Swaar verliese is die vyand toegedien. Ongelukkig is 7 Veldbattery in die vroeë stadium van die geveg verbied om te skiet. Toe die vuur van die vyand al hewiger word is aan die battery opdrag gegee om te skiet. Die vyand is eers op 'n gesigsafstand van 3 000 tree gewaar. In plaas van om die beheer van die vuur van die kanonne in eie hande te hou en die vyand te bestook met batterykonsentrasies, is die vuurbeheer oorhandig aan seksies en dit op 'n afstand van 3 000 tree, waar dit onmoontlik was vir iemand op die grond agter die kanon om die val van skote te observeer en dit te korrigeer. Die ammunisie was gedaan toe die infanterie nog 500 tree weg was. Volgens majoor Harris, wie se pantserkar getref is deur tenkvuur terwyl hy ook op soek was vir ammunisie (en gevange geneem is, maar

daardie aand weer ontsnap het) is A troep net so op die posisie gelaat, een kanon van B troep is deur 'n vyandelike kartets getref, die visiere van twee verwyder en een net so gelaat.

Kapt Barron van 9 Veldbattery, in die Ierse sektor, het kontak gemaak met die Britse pantser op die westelike flank van die Brigade. Daar was sowat 20 tot 30 tenks. Hierdie handjievol tenks kon niks doen om te help teen die oormag vyandelike pantser nie. Hier ook is Barron verhinder om na die vyand in die suidweste te skiet. Hy is tweemaal teruggeroep. Die tweede keer vind hy sy troep onder artillerievuur. Hy is aangesê om tenks vanaf die suide onder skoot te kry. Die tenks was op daardie tydstip 2 000 tree weg. Om 1700 uur ontvang hy opdrag van majoor Greenwood, sy Batterykommandant, wat deur die dag goeie werk gedoen het, om terug te val. Hy het met sy troep en een kanon van E Troep, wat lt Cowley hom gestuur het, weggekom.


Die Britse tenkafweer, volgens verklarings, het te vroeg begin skiet en is vroeg terug getrek. Daar was twee Suid-Afrikaanse 2-pdrs links en regs van E troep van 9 Veldbattery. Lt Allen vertel ons dat omstreeks 70 tenks van die vyand die Ierse sektor aangeval het. E troep was voortdurend onder tenk en masjiengeweer vuur vanaf die suide en artillerievuur vanuit die noorde. No 4 kanon is getref, die bemanning ȯf gewond ȯf gedood. Die ander kanonne het aanhou skiet. Addisionele ammunisie is aangekarwei. Omstreeks 1700 uur is die troep van links agter en links voor deur tenks bestook. Lt Cowley het no 1 kanon, al wat oorgebly het, na F Troep gestuur. Hierdie battery het hom goed van sy taak gekwyt. Die seiners het pragtig saam gewerk en ten spyte van artillerievuur en masjiengeweervuur is die verbindings telkens herstel.

Van die vier 2-pdrs langs E Troep was twee onder bevel van lt Scott en twee, J3 en J4, onder lt Abbott. Scott het op sy eie daarheen beweeg. Om 1600 uur het hy gesien dat sy sersant met een kanon terugval. Hy het vermoed dat die kanon moontlik uit aksie was. Die twee kanonne het tussen die voertuie beweeg op soek na teikens. Sy ammunisie het opgeraak. Hy verklaar dat sy kanon 6 tenks buite aksie gestel het. Om 1630 uur was 'n terugtog aan die gang. Hy het saam teruggeval. Lt Abbott vertel dat J4 gedurende die môre se skietery beskadig is en na die werkswinkel gestuur is. J3 het begin skiet omstreeks 1430-1500 uur. Abbott is getref. Toe hy by sy sinne kom, omstreeks 1900 uur, was die vyand orals. Hy en kanonnier Du Toit van 3 Veldregiment het uitgekruip en na hulle 15 myl geloop het is hulle deur die Hussars opgelaai. S. M. Barclay met J1 en J2 was in aksie op die westelike flank van B Echelon. Hy vertel dat die Britte te vroeg begin skiet het. Hulle egter het gewag totdat die vyand binne trefafstand was. Hulle moes heelwat vuur verduur. J2 is raak geskiet. Na die vyand B Echelon binnegedring het, het hy met sy twee kanonne 'n paar honderd tree teruggeval en weer die vyand aangedurf. Hier is J1 weer getref en het aan die brand geslaan. Die bemanning was ongedeerd. J2, hoewel twee maal raak geskiet, het aanhou skiet want hulle was feitlik omring deur tenks. 6 Tenks is buite aksie gestel. Hy is hierna terug na Brigadehoofkwartier waar hy die 8 Britse 2-pdrs gevind het. Hy het saam met hulle ontsnap.

Die ander seksie van I troep (lt Scott) is deur sersant-majoor Du Plessis aangevoer. Hy was in die noordwestelike deel van die Ierse sektor. 'n Ierse offisier het hom vertel van die tenkaanval in die suide. Hy is daarheen en het by Barclay se seksie aangesluit. Hy het suidwes geskiet, Barclay suidoos. Hy vertel dat hoewel die vyandelike vuur hewig was het die vier bemanningslede akkuraat geskiet. Hy plaas die vyandelike verliese op 17 tenks. Sy twee porte's is vroeg buite aksie gestel met gevolg dat toe Barclay terugval hy hom nie kon vergesel nie. Hulle was onder vuur van drie kante. Een van sy porte's het gebrand. Toe dit duidelik was dat sy bemanning uitgewis sou word het hy hulle beveel om te skuil. Een vyandelike tenk het genader tot 10 tree van die porte. Omstreeks 1700 uur het hulle na 'n verlate trok gekruip en met die gewonde bdr Ogilvie, die Bothasektor bereik. Die infanterie was nog in hulle skuilgate. Om 1800 uur het hulle ontsnap.

S. M. Regelman met drie 2-pdrs van K Troep het op kapt V. d. Heever se opdrag stelling ingeneem langs L Troep (18-pdrs). Hulle het besluit om terug te beweeg tot langs 7 Veldbattery agter hulle. Op pad soontoe het hulle die vyand gewaar, sowat 'n myl weg, wat onmiddellik op hulle begin skiet het. Die vuurtempo het toegeneem. Die veldartillerie het stil geraak (ammunisie gedaan). K1 is getref en het aan die brand geslaan. K2 en K3 kon nie gesien word nie. Daar was 'n algemene terugtog. Regelman het op 'n trok gespring. Die volgende dag het hy by sy bevelvoerder, lt Venter met K2 en K3 aangesluit.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 2, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



**Lugfoto van die tipe terrein met platorand waaroor 3 T.S. moes aanval op 22 Nov 1941.**

Nie alleen het die tenkafweer sy rol gespeel in die verliese die vyand toegedien nie, ook die Bofors (lugafweer) het sy bydrae gelewer. Ongelukkig het ek net die verhaal van lt Quirk se troep. Quirk se troep van 3 Boforskanonne was in stelling in die Ierse sektor. Toe hy die waarskuwing ontvang dat 'n tenkaanval vanaf die suide verwag word het hy een van sy Bofors geskuiwe sodat sy drie kanonne in lyn kan wees met die tenkafweer. Hy vertel ons nogal 'n eienaardige ding van die infanterie. Hy sê op hierdie tydstip het die Ierse infanterie suid beweeg. Hulle was gewapen met ST grenate, masjiengewere en gewere. Hulle doelwit was om in te grawe in die rant net suid van hulle. Hulle het skaars die rant bereik toe die tenks deurbreek. Quirk se kanonne het onmiddellik begin skiet. Hy was met die linkerhandse kanon. Hulle het pas die outomatiese laaier, wat gelaai was met brisantkartetse, leeg geskiet en het drie skote met pantserkartetse geskiet toe die kanon getref is. Die skoot het knr Schroeder, wat gerig het, uit sy sitplek geruk. Sers McWilliam en knr Barnes is gewond. Knr McIntrye het onmiddellik op die sitplek geklim. Die kanon wou egter nie swaai nie. Quirk het die bemanning beveel om te skuil. Terwyl hulle Schroeder help het nog 'n kartets beide sy bene afgeskiet. Hy is in 'n loopgraaf geplaas maar het kort daarna beswyk. Met die kanon uit aksie het hy die bemanning beveel om terug te val met die kanontrekker. Hy is toe na sersant Clus se kanon. Hoewel sers Clus se pantserammunisie klaar was, was hy besig om sarsies brisantammunisie te skiet na die vyand rond om hom op trompafstand. Afgesien van brandende voertuie en 'n paar verdwaaldes was die omgewing verlate. Quirk het 'n paar opgetel en Clus opdrag gegee om op te hou skiet. Beide tenkafweerkanonne was buite aksie. Heelwat vyandelike tenks het reeds om hulle beweeg. Hy het gesoek vir sy derde kanon onder sersant De Vries. Laas toe hy hom gesien het was hy nog besig om te skiet. Hy het gedag dat hy moontlik teruggeval het. Knr Odgers het hom egter verwittig dat hy gesien het dat die bemanning besig was om 'n loop om te ruil. 'n Kartets het op daardie oomblik die kanon getref en die bemanning buite aksie gestel. Sers Clus verklaar dat 7 vyandelike tenks getref is deur sy kanon en tot stilstand gebring is. Brisantkartetse het die tenk aan die brand gesteek. Lt Quirk het sers Clus se kanon en 23 van sy manskappe en al sy troepvoertuie uitgebring. 'n Knap stukkie werk.



**Sidi Rezegh. SA Porte met 2 Pdv. vernietig op 23 Nov 1941.**

Daar is ook baie dapper dade daardie dag verrig. Om te toon hoe individue opgetree het, wil ek net melding maak van twee gevalle. Die twee 2-pdrs, langs E troep van die veldgeskut, is beide buite aksie gestel. Vermoedelik deur lt Abbott. Sers Clus vertel dat hy gesien het dat 'n oorblywende lid van die bemanning op sy eie die kanon laai, rig en skiet. Hy vermoed hy het gesneuwel agter sy kanon want hy het gesien hoe beide die porte's aan die brand was. Daar is ook die geval van die drywer, 'n kleurling, knr Ramage, van Clus se kanontrekker. Ramage het op sy eie, en sonder instruksies, gehelp met die dra van ammunisie kassies tussen die trekker en kanon, 'n afstand van 30 tot 40 tree. Hier het hy die ammunisie voorberei en in die magasyn geplaas. Dit het geskied onder hewige kanon en masjiengeweervuur. Toe die tenks sowat 200 tree van die kanon was het hy 'n gewonde lid van die Ierse Bataljon opgemerk, wat besig was om na hulle te kruip. Ramage het sowat 70 tree na hom gehardloop in die rigting van die vyandelike tenks, die gewonde soldaat gehelp en hom gebring na 'n loopgraaf agter die kanon. Hy het 'n ambulans gaan opspoor, die gewonde soldaat daarin gehelp, en toe weer voortgegaan met die voorbereiding van ammunisie by die kanon.



**Vyandelike tenks vernietig te Sidi Rezegh 23 Nov 1941.**

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 2, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Die 25 tot 30 Britse tenks, wat kapt Barron teengekom het, sowat 1 myl wes van die brigade, het min bygedra tot die verdediging van die brigade. Lt Ogilvie vertel dat omstreeks 1700 uur, 5 Britse tenks by sy bevelpos in die Ierse sektor stilgehou het. Die bemanning het die tenks verlaat en is 'n rukkie later saam met hom daar weg. Laat middag is 'n poging vanaf die suidooste deur elemente van 7 Pantserdivisie aangewend om die vyand te molesteer maar nie veel is vermag nie.



**Pantserkar gebruik as observasiepos, 3 Veldregt, vernietig Sidi Rezegh 23 Nov 1941.**

Majoor Hull, tweede in bevel van 3 Veldregiment, gee ons 'n goeie prent van die gebeurtenisse binne die brigade daardie middag. Hy vertel dat omstreeks 1330 uur daar 'n hewige bombardement uit die noorde deur veld en medium kanonne was van die Skotse en Botha sektors. Dit het aangehou vir minstens 'n uur. Dit kan nie weg geredeneer word dat daar wel koördinasie tussen die noorde en die suide was nie. Dit was so suksesvol dat 8 Veldbattery sy volle aandag aan die noorde gewy het. Waarom Whyte nie gevra het dat die Britse Artillerie op die Brigade se oosflank hierdie taak oorneem, om sodoende 8 Veldbattery se steun te kry teen die aanval vanaf die suide nie, begryp ek nie. Alle aanduidings was dat die Brigade nou in 'n knyptang beweging verkeer het tussen die noorde en die suide. Volgens Hull het die vyandelike kanonne om 1500 uur vanaf die suide na suidweste begin skiet, dit was in ondersteuning van die tenkaanval. Kartetse het ook in die Brigadehoofkwartiergebied geval. Op hierdie tydstip het 7 Veldbattery laat weet dat hulle onder skoot was vanaf die suidweste. Hulle het goedkeuring gevra om op die vyandelike kolon in die suide te skiet. Hulle is meegedeel dat vriendelike troepe vanaf die suide verwag word. Ook dat 'n tenkaanval van die suidweste verwag word. Vyandelike tenks sal deur eie tenks aangeval word. (Wat 'n naïewe opdrag. Was dit miskien van Gott afkomstig?) Hulle mag die kolon bestook mits hulle seker is dat dit vyandig is. In ag geneem die situasie en die massa voertuie op die terrein is dit moeilik om te begryp dat die brigade nog kon verwag dat 'n infanteriebrigade hulle te hulp moet snel. En watter Brigade bevelvoerder, wat sy sout werd is, sal met 'n infanteriebrigade in so 'n situasie instorm. Om 1530 uur was die vyandelike vuur intens. Tenkkartetse en masjiengeweerkoeëls het op die brigadehoofkwartiergebied gereën. Hull kon 'n groot aantal tenks in die suidweste sien totdat hulle weggeraak het onder die rook en stof. Omstreeks 1600 uur kon hy die aantog van die tenks sien. Hulle was in drie enkel tenk kolonne. Hy skat dat tussen 50 tot 60 tenks het by hom verby beweeg, die een kolon voor hom sowat 100 tree weg, die een agter hom sowat 20 tree. Hy het gesien hoedat Hoofkwartier personeel van die Brigade na die tenks stap. Hy het vermoed dat Armstrong en Whyte onder hulle was. Een tenk het by Armstrong se voertuig, sowat 50 tree van hom, stil gehou.

Die voorste tenk van die vyand het verby 'n Cruisertenk van die Britte beweeg. Die het drie skote na die vyand geskiet en toe in 'n oostelike rigting verdwyn. Die vyandelike tenk is getref maar nie tot stilstand gebring nie. Een vyandelike tenk het stilgehou sowat 10 tree vanaf Hull, waar hy en lt Newby in 'n loopgraaf geskuil het. Die Brigadier se kar en ook syne is deursoek. Gelukkig het die vyand hulle nie gesien nie. Omstreeks 1700 uur was daar weer 'n herlewing in die geveg. Vir hom was dit 'n deurmekaar spul. Van alkante is geskiet. Kartetse van suid en noord het oor hulle getrek. Om 1725 uur het voertuie vanaf die Ierse sektor in 'n suidoostelike rigting deurgebreek. Hy en lt Newby het op een van die voertuie gespring. Onder die voertuie was 5 van hulle kanonne. Hulle het deur die vyand se tenklinie gebars. Dié het van noord en suid op hulle geskiet. Die donkerte het hulle gehelp om weg te kom.

Etlike dae na die geveg het ek die slagveld besoek. Liggame het nog gelê in die verbrande pantserkarre van die artillerie. 'n Boforskanon is teengekom. Die loop het regaf gehang. Etlike

vyandelike tenks het in die gebied gelê, sigbare tekens hoe hewig die geveg daar was. Sowat 70 vyandelike tenks, amper die helfte van die aanvalsmag, is buite aksie gestel. As oorwinnaars was die vyand in staat om alle bruikbare tenks te verwyder. Dit was die grootste getal vyandelike tenks wat in die slag gebly het in 'n enkele geveg. Hoewel Suid-Afrika 'n brigade moes prysgee in die proses was die geweldige verlies, wat die vyand hier opgedoen het, een van die hoofoorsake waarom genl Rommel kort daarna besluit het om te onttrek uit Cyrenaica.

Waarom het sake vir ons so ongunstig verloop? Volgens my sienswyse het dit begin met die verkeerde taktiek wat Gott gevolg het en die feit dat hy sy vyand totaal onderskat het. Soos reeds vermeld moes hy eers met El Gubi afgereken het wat vir die Suid-Afrikaanse divisie 'n oop pad sou gelaat het. Hy het takties gefouteer om nie sy divisie gekonsentreerd te hou nie en behoorlike gebruik te maak van sy ondersteuningswapens. Deur homself te plaas op grond waar die vyand hom kon omring, en totaal die vyand se vermoë te onderskat, en terselfdertyd 'n aanval te loods in die rigting van El Duda, om kontak met die Tobruck se garnisoen te bewerkstellig sonder om te sorg vir 'n behoorlike basis, het gelei tot sy neerlaag. Sy handelswyse getuig van 'n swak taktiese begrip van grond en oordeelsvermoë. Sonder 'n behoorlike waardering en begrip van die vyandelike pantser, en waar dit hom begeef, was dit voorbarig van hom om 'n aanval te loods teen El Duda op die môre van die 21ste. Dit was 'n fout om 'n infanterie brigade in te sleep in 'n situasie waar pantser, met sy geweldige slaankrag en die sterk ondersteuning van artillerie en tenkafweer waaroor hulle beskik het, nie in staat was om die vyandelike pantser te weerstaan nie.

Toe Gott bewus was van die haglike toestand, waarin sy pantserdivisie verkeer het op die aand van die 22ste, en die mislukte poging van 5 SA Brigade daardie middag, moes hy Armstrong beveel het om takties terug te val, sodat hy buite die artillerievuur vanaf die noorde kon konsolideer, en ontslae raak van sy onnodige voertuie en infanterie, en hom voorberei vir 'n tenkaanval.

Gott het Armstrong onder 'n valse indruk gelaat dat sy pantser, wat op die môre van die 23ste in 'n gehawende toestand was, in staat sou wees om die brigade se flanke te beskerm. Die groepie tenks, 20 tot 30 sterk, wat so 'n myl wes van die brigade was, kon niks doen teen die aanvallende vyandelike pantser nie.

Elke bevelvoerder is verantwoordelik vir die veiligheid van sy formasie. Armstrong moes 'n waardering gemaak het van die situasie op die aand van die 22ste, 'n ordergroep belê het, en aangedring het by genl Gott om 'n regsomkeer te maak sodat hy ontslae kon raak van sy oormaat voertuie en infanterie en stelling kon inneem op die grond net suid van hom, wat ek die môre van die 23ste besigtig het. Hier was die grond meer gunstig en kon hy die nodige maatreëls geneem het om 'n tenkaanval af te weer. Dit sou 1 SA Brigade in staat gestel het om by sy brigade aan te sluit.

Die veldgeskut moes nie in 'n tenkafweer rol gebruik gewees het nie maar in sy primêre rol en moes deur batterykonsentrasies verhinder het dat die infanterie die tenks vergesel. Ook moes voorsiening gemaak gewees het vir die dekking van die tenkafweer.

Alle tenkafweer moes op die grond en in gegrawe gewees het. Die 2-pdr is te kwesbaar om dit as 'n tenk te gebruik. Op die grond bied dit 'n klein teiken. Die vuur moes gekoördineer gewees het. Voertuie kon gebruik gewees het vir skuiling. Met 'n meer gekoördineerde vuurplan en die regte benutting van die wapens sou die vyand die brigade 'n heeltemal ander proposisie gevind het.

Die Suid-Afrikaanse verliese gely is as volg:

| | |
|---|---|
| Veldartillerie. | 19 kanonne waarvan 10 later weer herower is. 7 van hierdie is weer gebruik. 2 Offisiere en 25 Minderes het gesneuwel. 10 Offisiere en 224 Minderes vermis waarvan 3 Offisiere en 57 Minderes gewond was. |
| Tenkafweer. | 6 2-pdrs en 4 18-pdrs is verloor. 2 Minderes gesneuwel. 1 Offisier en 5 Minderes gewond. Vermis: 1 Offisier en 69 Minderes waarvan 3 gewond is. |
| Lugafweer. | 9 Boforskanonne is verloor. 7 Minderes gesneuwel en 7 gewond. Vermis: 6 Offisiere en 116 Minderes. 4 Kleurlinge is gewond, een het later gesterf. 77 kleurlinge is vermis asook 10 Bantoes. |

Die brigade was 5 700 sterk, sowat 2 300 het 'n paar weke later by Matruh versamel.